# DIE WEDERVARINGE VAN DIE TREKGESELSKAP VAN ANDRIES HENDRIK POTGIETER.

N Dreyer (I V O — TOD)



*KOMDT.-GENL. A. H. POTGIETER.*

(19 Desember 1792 – 16 Desember 1852)

*Hendrik Potgieter wou nooit toelaat dat 'n foto van hom geneem word nie. Hierdie voorstelling hoe Potgieter moontlik kon gelyk het is deur Victor Ivanoff geteken. (Nasionale Kultuurhistoriese Musuem, Pretoria).*

Dat die Groot Trek plaasgevind het, weet julle, en hoekom die mense uit die Kaap weggetrek het, word met julle in die skool behandel. Hier wil ons gesels oor die interessante en lewensgevaarlike gebeure nadat hulle die Kaap verlaat het.

Dit is somer, dit is end Desember 1838. Uit die distrikte Colesberg en Tarka trek rye wittentwaens na 'n sentrale punt. Tussen die duisende stuks vee beweeg 'n opgewonde groepie mense, vyf en dertig weerbare mans met hul gesinne en families. Hand word geskud, na mekaar se welstand word gevra en veral die duister toekoms bespreek want dié mense waaronder Grobbelaars, Jordaans, Breets, Van der Merwes, Krugers en Robbertses is van plan om die Kaap met sy onsimpatieke Britse regering permanent te verlaat. In Augustus 1841 het Potgieter dan ook aan Pretorius geskryf: "Ik wil my onder geen Brit, nog onder geen mogendheid in die waereld onderwerpe. . . en ben geen Brit, zo hoop en vertrouw ik het ook nooit te moogen worden. . . en wil altoos liever tien trede voorwaarts gaan, dan een agteruit."

Die veertig tot vyftig waens (die Voortrekkers het gemiddeld twee waens per gesin gehad) is belaai met "broodkorst, koffie, suiker, kleren, 'n beetje huisraad, zoals stoelen, kisten en kleine tafeljes, potten en pannen, zout, ammunitie, enz." — ja, alles moontlik is saamgeneem wat hulle nie gedurende die eersvolgende jare weer sou kon kry nie. Wanneer hulle gevestig sou wees om weer te ploeg en te saai, het niemand geweet nie.

Daar was min plaasvolk wat bereid was om saam met hul base die onbekende in te trek met die gevolg dat die vrouens en kinders die kleinvee moes aanjaag en die seuns die perde en beeste. Waar daar nie seuns was nie, was dit die taak van die meisies van twaalf tot twintig jaar. Hulle moes ook as touleiers optree en soms moes die vrouens langs die wa met die sweep loop en osse aandryf.



*Soms was so 'n trek waar die een wa in die spore van die ander gery het 'n myl of meer lank.*


Die reis het maar baie stadig gevorder, soms maar net 8 km per dag want die troppe vee kon nie te vinnig gejaag word nie en die vrouens en kinders was gou vermoeid van die ongewone werk.

Eindelik stuit hulle teen die Grootrivier (vandag bekend as die Oranje) want dit was somer en na die swaar reent kon die waens nie deur nie. 'n Boer maak egter 'n plan en is daar van die groot wilgerbome wat langs die rivier groei, groot stompe gesaag en 'n vlot gebou. Eers is alles afgelaai en is die waens oorgeneem, toe volg die vragte en daarna die kleinvee wat nie kon swem nie. Die meeste beeste en perde het self deurgeswem. Daarna het die vrouens aan die beurt gekom en het hulle, elk met 'n gesangboek in die hand, Gesang 20 gesing toe hulle oorgeneem is:

"Komt, treen wij dan gemoedigt voort,
Op vast vertrouwen op zijn woord;
Hoe moeilik ons de weg ook schijn,
Het eind zal zeker zalig zijn."

Toe hulle oorkant die Grootrivier was, het verskeie uitgeroep: Hier sta ik op vrije grond, waar't Engelse goevernement niets meer te zeggen heeft!" en het hulle belowe om eerder saam te sterwe as om weer terug te keer.

Vroeg in 1836 naby die huidige Smithfield het Sarel Cilliers en sy trekgeselskap vanuit Colesberg hulle ingehaal. Nou was daar ongeveer twee honderd mense byeen en is Potgieter deur hulle tot "voorman" en kommandant gekies.




*Sarel Celliers*

Elke dag is drie of vier man te perd vooruit om die beste pad te soek en om te besluit waar die aand kamp opgeslaan sou word. So trek hulle deur die Rietrivier en daarna deur 'n rivier met min water wat hulle Modderrivier noem. Die gebied wat toe voor hulle gelê het, was omtrent onbewoon totdat hulle 'n donker berg in die verte gesien het met 'n wit kol onder een van die kranse. As gevolg daarvan noem die Boere die berg Blesberg. Daar aangekom vind hulle 'n Baralongstam onder hul kaptein Maroko en is gou uitgevind dat die uitgedunde en verhongerde groepie in 'n gedurige vrees gelewe het vir aanvalle van die matige Matebelestam van Silkaats vanuit die noorde. Hulle het vertel dat die wit kol teen hul berg Thaba Nchu (Donkerberg) geraamtes van hul mense is wat deur die Matabele daar afgegooi is. Die Barolong was bly om die Blankes te ontvang en het hulle onder andere gevra om vir hulle wild te skiet om hulle van verhongering te red.

Vandaar trek hulle steeds noord, deur 'n rivier waar baie vet wild gewei het en wat hulle daarop Vetrivier noem. In dié omgewing, naby die huidige Winburg tref hulle die reste van die Bataungstam onder Makwana aan wat aanspraak maak op die besitreg van die grondgebied tussen die Vet- en Vaalrivier. Hulle was nog nader aan die Matebele as die Barolong en het in dieselfde vrees gelewe. LATER sou Makwana, terwille van beskerming 'n ooreenkoms met Potgieter sluit en sy grond, behalwe 'n deel groot genoeg vir hom en sy volk, aan die Boere afstaan in ruil vir tussen 40 tot 50 beeste.

In die gebied het die Boere hulle toe begin versprei en word verdere riviere bereik en oorgesteek soos die Sandrivier (dik gespoel met sand), die Valsrivier (vals gate), die Renosterrivier (baie renosters in die omgewing) en die Vaalrivier (as gevolg van die vaal waterkleur).

Op 24 Mei 1836, is Potgieter en nog tien man na die noorde om na die Voortrekleier Louis Trichardt te gaan soek en om te ondersoek of kontak met die see gemaak kon word. Hulle was baie ingenome met wat hulle gesien het soos die pragtige geil gras, beter as die bestes waaraan hulle in die Kaap gewoond was, nuwe soorte bome soos die kremetart, goud- en ystervoorwerpe by die inboorlinge sowel as Indiese- en Europese katoen, ander materiale, tjalies en strooihoede. Kontak met die see was dus moontlik en met die goeie nuus is hul weer terug na die laers waar hulle op 2 September aangekom het. Daar verneem hulle egter van die gruwelike moorde wat in hul afwesigheid plaasgevind het.

Die Boere tussen die Vet en die Vaal is gedurig teen die Matebele gewaarsku maar tog het hulle taamlik onverskillig in die gebied rondbeweeg. Veral die baie vee het hulle 'n prooi van die Matebele gemaak. Intussen het klein groepies mense hulle nog gereeld by die Voortrekkers aangesluit soos onder andere 'n sekere Stefanus Erasmus met sy drie seuns en vier vriende vanaf die Kraairivier uit die huidige distrik Aliwal-Noord, wat eintlik olifantjagters was. Hierdie groep met hul vyf gekleurde bediendes, vyf waens, 80 osse en ongeveer 50 perde, asook enkele ander groepe soos die Liebenbergs, Bothas en Steyns het hulle selfs noord van die Vaal begewe op soek na wild. Die Matebele het hulle egter lankal bespied en aan Silkaats verslag gedoen. Hy het daarop besluit dat die mense uit die suide "opgeëet" moes word.

Omstreeks die oggend van 24 Augustus 1836 het die Erasmusse soos gewoonlik in drie groepe verdeel en die vee onder toesig van veewagters gelaat. Toe Erasmus en sy seun die middag terugkeer vind hulle die waens omring deur 'n vyf-tot ses honderd Matebele wat besig is om die werkvolk te vermoor. Toe die Matebele die Blankes sien, het hulle 'n pad vir hulle oopgemaak sodat hulle na die waens kon inry. Toe eers besef die Erasmusse die gevaar, draai om en jaag na die naaste waens van die Liebenbergs om hulle te waarsku. Laat die nag het hulle daar aangekom maar die Liebenbergs wou nie aan die waarskuwing gehoor gee nie. Toe hulle dit later wél doen, was dit te laat. Die Erasmusse het egter voortgejaag na die volgende laer, die van die Bothas en Steyns te Koppieskraal waar hulle voor dagbreek aangekom het. Dié groep het onmiddellik begin gereed maak en van die seuns het die ander verder afgeleë waens gaan waarsku en aangesê om na 'n gegewe punt, 'n skerp draai in die Vaalrivier te kom, waar die waens in 'n halfmaan getrek


is. Van agter sou hulle deur diep water beskerm word. In 'n poging om die Liebenbergs andermaal te waarsku het 'n sewentienjarige Bronkhorst-seun aangebied om weer na hulle toe te ry maar hy het nooit weer teruggekeer nie, net sy perd, met 'n asgaaisteek in sy boud het die volgende dag aangestap gekom en voor sy moeder se tent gaan staan.

Van die Liebenbergs is elf Blankes en twaalf bediendes vermoor. Vier Du Toit-kinders het ongemerk in 'n wa bly lê en is gespaar maar hul moeder was buite die wat met 'n kind in haar arms toe 'n asgaai hul altwee deurboor en teen die grond genael het. Albei is later lewendig gevind maar die vrou het beswyk. Nog tien ander het, eienaardig genoeg ook die lewe behou — dit moet as 'n beskikking van Bo beskou word. Saam met die beeste is ook twee meisies en een seun na Kapain, die hoofstat van die Matebele weggevoer.

Toe die bekommerde Erasmus wou gaan kyk wat by sy kamp gebeur het, het hy in die naderende Matebele vasgery en moes ylings terugjaag.

In die laertjie langs die Vaal was alles egter gereed — alle openings was met takke versper en daaragter was omtrent 30 vasberade mans en seuns bygestaan deur die vrouens en groot meisies wat sou help laai. Ongeveer nege-uur het omtrent 1 000 Matebele verskyn en eers alles noukeurig ondersoek, veral waar die waens tot aan die rivier gestaan het. Teen tienuur het hulle op die waens afgestorm.

Toe donderende geweervuur van agter die waens opklink en hul voorste linie in die stof byt het hulle egter verskrik teruggeval want só 'n ontvangs het hulle nog nooit gehad nie — dit het 'n goeie halfuur geduur voordat hulle van die skrik herstel het. Andermaal is met barbaarse wreedheid op die klein laertjie afgestorm, maar weer kon hulle nie deur die loodmuur kom nie. Keer op keer het die swart muur weer in beweeg, tot na drie-uur die middag toe, maar toe daar alreeds omtrent 200 of meer van hul makkers bly lê het, het hulle besluit om terug te val. Heelwat gebuite vee en selfs 'n aantal waens is na Kapain teruggeneem. Die Trekkers het onmiddellik te perd op die Matebele afgestorm en hul in hul terugtog aangehelp.



Só was die toestand toe Potgieter en sy kommissie van die noorde teruggekeer het. Potgieter het besef dat Silkaats die neerlaag van sy leër nie ongestraf sou laat nie en dadelik is voorbereidsels getref. Almal moes terugtrek oor die Vaal en hul by die res van die emigrante voeg in twee laers, die een wat vir hulle die naaste sou wees, naamlik aan die Vetrivier en op die plek wat later Vegkop sou heet, tussen die Renoster-en Wilgerivier.

daar is nie verwag dat hulle die oorwinning sou behaal nie. Die aand het Sarel Celliers 'n kort erediens gehou.

Alles was slaggereed. Die laer was gevorm deur ongeveer 50 waens waarvan vier tot agt gebruik was om 'n klein vierkant in die middel van die groot laer te vorm. Dié waens was oordek deur planke en beesvelle en was opgerig as skuiling vir die kinders, die wat hulle moes



*Die terrein van die Vegkopslag vanaf die kop afgeneem. Let op die terrein — die Trekkers kon nie onverhoeds aangeval word nie. Die laer was ongeveer waar die omkringde kruis is.*

Potgieter se oordeel was korrek. By die aanhoor van sy manne se neerlaag het Silkaats dadelik 6 000 van sy dapperste onder die hoofindoena Kalipi gestuur om die wit mense dié keer heeltemal uit te wis. In volle oorlogsdrag, met rokkies van kat- en aapsterte, met skouerbedekkings, enkel-, elmboog- en gewrigsversiering van beeskwaste, met skildvel, werp- en steekasgaaie en knopkieries was hulle op pad na die suide om die mense wat toor met die vuurstok te vernietig.

Kort daarna het Potgieter se Bantaungspioene berig gebring dat die fleur van die Matebelemag op pad was en reeds die Vaalrivier oorgesteek het.


Die Matabele was op pad.

Om die berig te kontroleer, want die toekoms van die hele blanke gemeenskap was op die spel, het tien man onder leiding van Potgieter dadelik vertrek om met die Matebele te onderhandel en grond van hulle te probeer ruil. Na drie dae te perd het hulle die magtige kommando teengekom en terwyl hulle nog steeds nader ry, het hulle met wit doeke wat aan stokke vasgemaak is, geswaai in 'n poging om iemand uit te lok om na vore te kom, sodat onderhandel kon word. Niemand het egter op die teken gereageer nie, die leër het net steeds bly nader kom waarop die ruiters moes retireer. Twee man is na die laer teruggestuur met die opdrag dat hulle moes begin gereed maak, die Matebele wás op pad om hulle te wreek op die neerlaag aan die Vaalrivier. Die res van die dag is voortdurend voor die aankomende mag teruggeval tot donker toe. toe die Matebele besluit het om te oornag. Die Voortrekkers het 'n end daarvandaan wag gestaan en die honderde vure dopgehou wat dwarsdeur die nag gebrand het.

Die volgende oggend is Potgieter-hulle na sy mense terug en het hy persoonlik leiding geneem om die laer so sterk as moontlik te maak. Daar was egter gedurig 'n aantal spioene buite die laer om die mense op hoogte te hou van elke Matebele-beweging. Die aand van 15 Oktober het hulle reeds baie naby die laer oornag. Vlug kon die Voortrekkers nie, dit sou geen [illegible] spanning het begin opbou en baie vrou[illegible] trane want

beheer en versorg, en desnoods die gewondes. Hulle het op 'n oop bokseil gesit. Sommiges beweer dat enkele waens ook los in die laer gestaan het.

Die vorm waarin die walaer getrek was is onseker. Volgens oorlewering was dit óf 'n sirkel óf 'n vierkant waarvan twee skuinsoorstaande hoeke soos 'n bolwerk met waens uitgebou was sodat die Trekkers vandaar die mure van die walaer kon dek. Verder het die walaer 'n poort gehad waardeur 'n ruiter kon ry en wat deur 'n doringboom gesluit kon word. Al die ander waens was met trekkettings aanmekaar vasgemaak en alle openings onder en tussen die waens en selfs tussen die speke is met doringtakke gevul wat ook met kettings of rieme vasgemaak was.




*Moontlike vorm van die Vegkoplaer volgens oorlewering.*

In die laer was net drie en dertig mans en sewe seuns wat die geweeer kon hanteer, maar elkeen het een of meer gewere gehad wat die vrouens, groot meisies en opgeskote seuns moes laai. Aan elkeen was 'n plek toegewys en daar het die bak met kruit en koeëls op 'n kis, stoel of tafel gereed gestaan. (In die laaiproses wat vinnig moes gebeur, is die koeël tussen die duim en wysvinger gehou, met dieselfde hand is kruit met die palm van die hand geskep en in die loop gegooi waarna dit met 'n pluisie vasgestamp is. Daarna volg die koeël wat 'n effe kleiner as die loop was en dan is die geweer, loop na bo, aan die skut oorhandig). Vir nabygevegte, soos hier ook die geval was, is gewoonlik lopers gebruik wat deur die vrouens in sakkies toegewerk was. Die lopers sou op die regte afstand begin sprei en baie skade berokken onder die massa wat aanval.

Net voldoende perde is in die wa-laer gehou. Al die vee was in die veld onder die toesig van veewagters wat die opdrag ontvang het dat hulle maar moes vlug as die Matebele sou kom om die vee te roof.


Die oggend van 16 Oktober 1836 het 25 (33?) man te perd die Matebele tegemoet gery om andermaal te poog om vrede te verkry. Ongeveer 'n uur van die laer is die Matebele ontmoet, weer is wit vlae gewaai in 'n poging om iemand te kry om na vore te kom om sake te bespreek, maar verniet. Die keer het die Matebele egter agter hul skildvelle op hul hurke gaan sit. Die Trekkers het tot vyftig treë van die Matebele genader en hulle daarop deur 'n Hottentot-tolk laat vra watter kwaad die Boere hulle dan aangedoen het dat hulle moor en steel. Daarmee het die duisende opgespring, iets geskree soos "Mziligazi" en op die Trekkers afgestorm. Dadelik is beveel dat gevuur moes word waarop drie vinnige rondtes afgevuur is. Die Matebele het daarop in twee groepe verdeel in 'n poging om die paar man te omsingel, maar hulle het die plan ingesien en al skiettende teruggeval. Sarel Cilliers het later vertel dat hy sestien skote geskiet het voordat hy by die laer aangekom het. 'n Paar was mis maar die ander het twee tot drie met een skoot gedood.

Toe hulle naby die laer was het die Trekkers die perde omgeruk, deur die poort ingejaag en is die doringboom in die opening vasgeketting. Uit vrees vir die Matebele of miskien omdat die perde onbeheerbaar geword het, het drie burgers by die laer verbygejaag en eers die derde dag na die veldslag weer veilig by die laer aangekom. Een van die drie was Lourens du Plessis, 'n skoonseun van Potgieter. Volgens oorlewering wou Potgieter sy skoonseun sommer onder die sambok laat deurloop.

Binne enkele oomblikke was die laertjie omsingel deur 'n swart horde. Die geveg sou nou begin. . . maar nee, die Matebele was nie haastig nie, hulle het die Boere nou in 'n val gehad en hulle sou hulle eie tyd gebruik. Eers is al die vee van die Voortrekkers aangekeer, enkele doodgesteek en het die Matebele-krygers, ongeveer 400 treë om die laer op hul skildvelle gaan sit en van die rou vleis begin eet. Enkele het nog 'n stomp plekkie aan 'n asgaai teen 'n klip skerp geslyp en veragtend en uitdagend na die laertjie gekyk.

Tog is die tydjie in die laer nuttig gebruik en is nogmaals nagegaan of alles gereed was, dat elke geweer uitgewas is en elke riem en ketting stewig vas is. 'n Geweldige spanning was egter in die laer aan die opbou wat deel was van die Matebele-taktiek. Weer het Celliers 'n gebed gedoen en het Potgieter die vroue bemoedig en hul gewys op Hom wat die mens uit enige gevaar kan red.

Nog bou die spanning op. . . waarom val hulle tog nie aan nie! Om die stryd uit te lok het een van die Potgieters dié keer 'n rooi lap aan 'n sweepstok vasgemaak en teenoor die vyand gewaai. Dit het die nodige uitwerking gehad, want op die teken van 'n indoena storm die 5 000 tot 6 000 Matebele doodveragtend op die laertjie af terwyl hulle 'n helse kreet aanhef en op die skildvelle slaan. Dit was genoeg om enige staalsenuwee te knak maar die manne in die laer hou — geen skoot val nie. Potgieter het hulle beveel om te wag totdat hy die eerste skoot skiet. Binne 'n minuut was hulle al so naby dat die wit van hul oë gesien kon word. Op 30 treë klap die skoot van die kommandant en kry die Matebele 'n ontvangs wat hulle nie verwag het nie. Ongeveer veertig roers skiet hul lood uit, swartkruitrook slaan uit oor die laer, vinnig word gelaai, sarsie op sarsie, maar die oormag is te groot. Hulle is reeds by die laer!



*Na die slag van Vegkop moes die mense baie ellende verduur. Paneel 5, Voortrekkermonument (met vergunning, beheerraad, Voortrekkermonument).*

Verwoed word aan die takke gepluk, die waens word letterlik van hul plek gedruk en gesleep. daar word gepoog om die waens om te gooi, asgaaie vlieg deur die lug. Talle Matebele poog om oor die waens te klim maar die dapperes word die een na die ander afgehaal. Die lawaai is oorverdowend, die roers klap, die Matebele skree, gewondes kerm, 'n vrou gil, asems hyg, 'n asgaai bereik sy doelwit. . . gaan die laer hou? Maar die aanvallers kon ook nie meer verduur nie, die wonde moes gelek word en hulle val terug tot buite trefafstand van die gewere.

In die laer was twee man dodelik getref en enkele gewond maar tog stuur elke hart 'n dankgebed op dat hulle tot daartoe nog hul lewe kon behou.





*Die grafsteen op die graf van die twee burgers wat met die Vegkopslag gesterf het.*

Terwyl hulle vir die volgende aanval wag, is alle Matebele wat buite die laer lê en sweet het, doodgeskiet want hulle het moontlik net daar lê en wag vir die volgende stormloop. . . 'n dooie Matebele sweet nie en in so 'n stryd was dit beter om seker te maak dat hulle wel dood is.

Skielik storm die Matebele weer maar andermaal word hulle teruggedryf. Daarop het Potgieter en ses van sy beste man te perd uitgejaag en die vyand gaan uitlok. Dit het die derde aanval tot gevolg gehad. Nou is die asgaaie hoog die lug ingeslinger sodat hulle ín die laer sou val met die gevolg dat enkele perde gewond is. Hulle het losgebreek en tussen die twee wakringe in die rondte begin hardloop. Die dampe van die swartkruit en die stof het sake vir die verdedigers geweldig bemoeilik.

Die derde aanval was die mees verwoede. Weer het die Matebele probeer om oor die waens te klim, maar telkemale is hulle gekeer. So is 'n indoena betyds deur ene mev. Swanepoel gesien wat daarop die eerste en beste ding, 'n byl gegryp het en sy arm bokant die hand morsaf gekap het. Hy is later in 'n nabygeleë pannetjie dood gevind. 'n Ander is deur Stefanus Fourie bo van 'n watent afgeskiet. Hy het agteroor geval en is deur drie van sy eie asgaaie deurboor. Party wou oor die dorings kom deur hul skildvelle daarop te gooi — ander het geslaag om onder die dorings deur te kruip en is gekeer maar nie voordat hulle onder andere 'n asgaai deur 'n meisie se kopvel gesteek het en 'n seun in sy kuit gewond het nie. Die watente was letterlik stukkend geskeur, een het selfs 72 asgaaigate gehad.

Daar was nog nie eers 'n uur verstreke nie, maar die Matebele-aanvoerder Kalipi het besef dat hulle hul moses teengekom het. Reeds het daar ongeveer 500 van die room van die Matebelemag om die laer dood gelê. Die Matebele is beveel om terug te trek. Onder gejuig en dankgebede aan die God van redding moes die Trekkers egter vanuit die laer toekyk hoe al hul vee weggevoer word. In 'n poging om iets terug te wen het Potgieter en 'n patrollie uitgejaag en tot sonsondergang op die terugtrekkendes geskiet, maar sonder sukses.



*'n Voorstelling van die slag van Vegkop. (Geskiedenis vir Senior Sertifikaat, F.A. van Jaarsveld).*

Terug in die laer is 'n dankdiens onder leiding van Sarel Celliers gehou waarna die twee gesneuweldes begrawe is. Een uit elke drie was gewond waarvan veertien ernstig. Die verdere verliese was ongeveer 100 perde, 5 000 beeste en 50 000 skape. Van al die diere het hulle net 'n aantal perde oorgehou. In die laer is meer as 1 100 asgaaie opgetel, alles was in wanorde, die reuk van kruit, stof en die dood het oor die laer gehang en vrees het elke hart laat saamtrek as die moontlikheid van 'n hernude nagaanval bespreek is. Vlug kon hulle nie al wou hulle — daar was geen osse nie! Wat sou die nabye toekoms vir hulle inhou?



*Die monument te Vegkop op die plek waar die slag moontlik paasgevind het, opgerig 1883.*





*Die bewoording op die monument. Let wel dat die datum van die geveg opgegee word as 2 Oktober. Latere navorsing het 16 Oktober aanvaar.*

Die Matebele-aanval was afgeweer die oorwinning was in die hand van die Trekkers, maar wat was die werklike toestand onder die heldhaftige verdedigers? Met een woord, ellendig! Hulle het geen trekosse gehad sodat hulle kon wegtrek of om die waens vanaf die honderde lyke wat begin ontbind het en pessiekte kon veroorsaak te verskuif nie. Hulp moes dadelik verkry word en die naaste was vanaf die ander laer aan die Vetrivier. Daarop is Hermanus Potgieter en Nicolaas Smit daarheen gestuur maar daar aangekom, was dit volgens die waspore duidelik dat die laer na Thaba Nchu vertrek het. Die twee man moes dus ook daarheen deurjaag om hulp te gaan soek.

Intussen is baie pyn, lyding en smart te Vegkop verduur. Talle wonde moes behandel word, en dit sonder medisyne, maar gelukkig kon die praktiese mense verligting en selfs genesing kry deur hul boererate. Daar was 'n geweldige tekort aan voedsel, daar was ook geen melk vir die kinders nie. Die jong mans het daagliks gaan wild skiet, maar dit was ook geen grap om 150 mense daagliks van vleis te voorsien nie, veral omdat hulle ook nie te ver kon gaan soek nie uit vrees vir die Matebele. Gou het 'n aaklike reuk oor die laer gehang, aasdiere het aan die dooies begin vreet en so brutaal naby die laer gekom dat selfs op hulle jag gemaak moes word. Die jong seuns het twee-twee talle lyke na 'n nabygeleë sloot gesleep en toegegooi maar dit was 'n onbegonne taak, 'n ander oplossing moes gevind word. Daarop is die perde geleer om wa te trek en met perde- en mannekrag is die walaer sowat 'n halfuur nader (omtrent 1,5 km) aan 'n spruit gesleep. Daar moes hulle maar geduldig op hulp wag.

Te Thaba Nchu was die Barolong, die Wesleyaanse sendeling Archbell wat aldaar gewerk het, die Trekkers wat vanaf die Vetrivier daar aangekom het, asook die nuwe aankomelinge van die Gerrit Maritz-trek. Hulle was dadelik bereid om hulp te stuur. Eindelik, omtrent twee weke later, teen die einde van Oktober het hulp in die vorm van burgers, osse en melkkoeie by die laertjie naby Vegkop aangekom. Die afstand vanaf Thaba Nchu na Vegkop soos 'n voël vlieg, was ongeveer 240 km.


Nog was hul probleme nie verby nie. Die aantal osse wat gestuur is, was te min. Elke dag kon net 'n deel van die laer nader aan Thaba Nchu getrek word waar hulle teen middel November aangekom het. Al die Voortrekkers in die huidige Vrystaat was toe bymekaar.



*Die Voortrekkers betuig dank aan kaptein Maroko van die Barolong vir hul hulp verleen na die slag van Vegkop en onderhandel in verband met die veldtog teen die Matebele. (Vergunning Beheerraad, Voortrekkermonument).*

Gerrit Maritz, die leier van die tweede trekgroep is in September 1836 uit die distrik Graaff-Reinet weg met ongeveer 700 man en meer as 100 waens. Gedurig het nog klein trekkies in die spore van Maritz se hemelblou waens gevolg en die Voortrekkertal versterk. Weldra is besef dat 'n behoorlike regering en wette vir die gemeenskap daargestel moes word waarop 'n volksvergadering vir 2 Desember in die laer van Potgieter belê is.

Met geslote stembriefies is 'n bestuursliggaam van sewe lede verkies, bekend as die Burgerraad waarvan Potgieter en Maritz ook lid was. Potgieter is verder verkies tot "legerkommandant" en Maritz tot hoof van die bestuur. In regssake sou Maritz optree as landdros en die ander lede as heemrade. Die hoogste gesag sou nog steeds by die volksvergadering berus en die Burgerraad sou hulle stiptelik hou "aan alle zodanige wetten en reglemente als door een algemene vergadering zullen worden vasgesteld". Hiermee is die eerste volksverteenwoordigende instelling in Suid-Afrika gevorm, en dit lank voordat die Kaap verteenwoordigende bestuur (1854) en verantwoordelike bestuur (1872) gekry het.



*Die handtekening van A.H. Potgieter.*

Dit was vir almal in die gemeenskap duidelik dat hulle hul nie in die gebied kon vestig voordat hulle lewe en eiendom veilig was nie en daarom moes teen Silkaats opgetree word. Die "leeu van die noorde" se mag moes beëindig en die Trekkers se geroofde vee en waens moes teruggehaal word. Verdrae van vrede, konsiliasie deur die gee van geskenke en die verkry van waardelose beloftes van goeie gedrag soos die Voortrekkers so dikwels in die Kolonie ondervind het, sou geen oplossing bied nie — dit het hulle geweet. Daarom is besluit op die vernietiging van die Matebelemag as die enigste versekering van hul veiligheid.

Op 2 Januarie het Potgieter met 'n kommando vertrek en die daaropvolgende dag ook 'n kommando onder leiding van Maritz met rooi bande om hul hoede om hulle van die Potgieter-kommando te onderskei. Daar was altesaam 107 berede burgers vergesel van 40 Korannas en Griekwas onder kaptein Pieter Davids (wie se dogter en neef deur Silkaats gevange gehou is) en 60 Barolong as veewagters en spioene. Die groep het so vinnig as moontlik deur die ontvolkte gebied getrek om die Matebele so onverhoeds as moontlik te betrap. Alhoewel party van die hulpmag te voet moes vorder, was die ongeveer 448 km op 17 Januarie agter die rug toe hulle voor dagbreek oor die westelike nek bokant die Matebelestat Mosega deurry en die stat met vyftien kleiner krale daaromheen dofweg voor hulle sien lê.

Die Matabele was heeltemal onbewus van die teenwoordigheid van die aanvallers. Stilte en rus hang oor die krale, hopies uitgebrande wit as lê stil met 'n verborge warmte en wag om weer aangeblaas te word. Die beeste staan nog in die krale, die hutopeninge is nog styf toe. Dit was voorwaar 'n strategiese plek. Die terrein was gebroke met bosse en riviere aan weerskante van die krale met plek-plek selfs kranse wat aan hul veiligheid gegee het.

Potgieter en sy manne beweeg so stil as wat hul kan na die sykant vanwaar hulle 'n aanval sal loods en Maritz nader die kraal van die voorkant af. Saam met die eerste lig wat die donker aan die oostekant hoër opdruk, knal 107 gewere gelyktydig op 'n gegewe teken en word die Matebele verbysterd uit hulle slaap geruk — absolute wanorde en paniek word meester van Mosega. Honderde borrel verdwaas uit hul hutte om vas te stel wat aan die gang is, om net grotendeels gedood of ernstig gewond te word. Die wat die situasie begryp, storm met skildvel en asgaaie by die hutte uit, dadelik bereid om te veg, terwyl die aanwesige indoenas probeer om die linies opgestel te kry. (Silkaats en sy krygsindoenas Marap en Kalipi was by die hoofkraal Kapain, ongeveer 'n 80 km verder noord). Georganiseerde verdediging was onmoontlik, die olifantgeweers met lopers gelaai, het dit nie toegelaat nie. Elke ruiter het vir homself geveg maar tog met sy makkers in kontak gebly en voor dié vinnig bewegende aanvallers wat keer op keer die punte van hul horingvormige aanvalspoging platgeskiet het, kon die Matebele nie stand hou nie. Toe 'n huiwering deur hulle trek en die oplettende Potgieter dit sien, het hy dadelik sy manne beveel om in alle erns te storm. Die oorwinning was reeds behaal want die Matebele doen wat hulle nie geken het nie, hulle draai die rug en vlug! Die burgers het agterna gejaag totdat die perde te moeg was, en toe na Mosega teruggekeer. Tussen 400 en 500 Matebele het oral in die statte, in die veld en in die kafferkoring- en mielielande dood gelê, terwyl aan die kant van die Trekkers net vier Barolong gesneuwel het.

Nadat hulle hul waens gekry het, is die statte aan die brand gesteek en is die volgende dag met die terugtog begin met 6 000 tot 7 000 gebuite beeste wat onder die Potgieter-mense verdeel sou word om hulle vir hul verliese te vergoed.

Hierdie geveg in die oop veld, in onbekende terrein was een van die grootste prestasies van Boeredapperheid en -krygstaktiek.

Die Amerikaanse sendelinge wat 'n paar maande vantevore te Mosega aangekom het, dr. Wilson en sendelinge Lindley en Venables het, omdat hul bekeringswerk onsuksesvol was en hulle baie onder die koors gely het. (mev. Wilson het kort na hul aankoms aan malaria beswyk) besluit om die Trekkers te vergesel.

Terug in Thaba Nchu was Potgieter seker dat hul aanval die Matebele tot orde sou roep en dat hulle nie in die nabye toekoms verder gemolesteer sou word nie. Hy het daarop met sy mense na die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier verhuis en kamp opgeslaan langs 'n sytak van die Vetrivier. Van Maritz se mense het ook daarheen getrek en is die dorp Winburg daar aangelê. In April 1837 het Maritz hom ook aldaar gevestig, in dieselfde maand toe die derde trekgroep onder Pieter Retief hul verskyning te Thaba Nchu gemaak het.

Dit was goeie nuus! 'n Groot kampvegter vir die belange van die Voortrekkers by die Britse regering en 'n erkende leier wat meer as ander die vertroue en agting van die Voortrekkers geniet het, Pieter Retief, was op pad. Sy groep van meer as honderd families (ongeveer 400 siele) sou baie bydra om die blanketal in die binneland te vermeerder. Vroeg in April 1837 is hy op die noordelike oewer van die Oranje, op vrye grond deur Maritz en 'n afgevaardiging uit al die ander laers, ook van die Potgieter-mense verwelkom. Hy is uitgenooi en daar is selfs by hom aangedring om hom as goewerneur en kommandant van die Voortrekkers in die binneland verkiesbaar te stel. Op 12 April het hy naby die huidige Winburg laer getrek. Toe was daar tussen Thaba Nchu en die Vetrivier vyf of ses laers met ongeveer 1 000 waens en 5 000 siele, waaronder sowat 1 550 man wat die wapen kon hanteer.

Die bestaande bestuur moes nou deur die nuwe aankomelinge aangevul word en dit was na die Mosega-oorwinning moontlik want die groter veiligheid het 'n meer gevestigde regering moontlik gemaak. Hul toekoms moes nou verder beplan word.

Omdat die volk die hoogste wetgewende gesag was, is op 17 April 1837 'n volksvergadering in die laer van Maritz gehou waar die nuwe bestuur verkies moes word. Gewigtige besluite moes vir die toekoms geneem word; soos wat hul eindbestemming moes wees, die roete wat gevolg sou word, die plek waar hulle sou oorwinter asook in verband met die sorg van hul groot- en kleinvee en 'n moontlike volgende aanval op die Matebele.

Tydens die vergadering is Retief deur die meerderheidstem tot "goewerneur" ('n term wat hulle vanuit die Kaap oorgeneem het) én as opperbevelhebber van die krygsmag verkies. Die Raad, nou die "Raad van Politie" genoem, het weer uit sewe lede bestaan met Maritz as voorsitter. Potgieter is nie weer verkies nie.



*Retief lê die eed af nadat hy verkies is tot Goewerneur van die Voortrekkers.*
*(Erkenning Beheerraad, Voortrekkermonument).*

Dadelik het die Raad met die opstel van die eerste grondreëls vir die hele Trekkergemeenskap begin. Begin Junie 1837 was nege grondreëls gereed en op 6 Junie is dit te Vetrivier aan die goedkeuring van die volk voorgelê en aanvaar. (Dit was die voorbereidende werk vir 'n latere grondwet).

Hierna het die Trekkers nog 'n hele tyd in die omgewing van Winburg gebly, totdat finaal besluit sou word wat die bestemming van die trek sou wees. Daar kon hulle in elk geval nie bly nie, want die nagkoue was vir baie té skerp, die vrouens het gekla oor pyne veroorsaak deur die yskoue water, waarin onder andere die wasgoed gewas moes word, verder oos het selfs sneeu geval, die wind het te skerp oor die vlaktes gewaai, die kwaai donderweer wat in die Kaap onbekend was, het hulle verskrik en siekte het begin om menselwens te eis.

Reeds onmiddellik na die koms van Retief was daar sprake dat aar na Natal toe getrek sou word, maar hierteen het Potgieter hom verset al het dit baie aanneemliker voorgekom as die onbekende binneland. Potgieter het egter reeds in vriendskap met Kakwana geleef, hy het nog sy ontmoeting en beplanning met Trichardt in gedagte gehad asook die plan om met die buitewêreld kontak te maak deur die Portugese hawens en hy wou sover as moontlik van die Engelse wegbly. Potgieter het altyd geredeneer dat waar die see is, die Engelse ook sou wees en dat 'n Natalse vestiging dus die kieme van sy eie ondergang kon dra.

Met die doel om in die binneland te vestig, moes die Matebele-gevaar uitgewis word en is onder druk van Potgieter tentatief besluit dat Silkaats weer aangeval en sy mag die keer finaal gebreek moes word. Retief was egter gladnie vir die plan te vinde nie omdat sy oë op Natal gerig was. "Ik wil 'n handel hebben en we moeten dus trachten 'n baai te vinden", het hy glo gesê en daarom het van die aanval voorlopig niks gekom nie.

Gedurig het nog mense vanuit die Kaap by hulle aangesluit soos die groep van meer as honderd siele onder bevel van Pieter Lafras Uys.

Intussen is 'n oorgang oor die Drakensberge gevind en het die Trekkers stadig langs die Sandrivier in die rigting van Natal begin trek, met Potgieter heel agter.

Om die meningsverskil uit die weg te ruim, is 'n "grote bijeenkomst des volks" op 13 September in die laer van Retief, suid van Tafelkop byeengeroep, maar daar is nie tot 'n finale besluit geraak nie. Weer is kommissies uitgestuur, een onder Retief na Dingaan en een elk na Soutpansberg en Delagoabaai. Na die terugkoms van die kommissies is alle voor- en nadele weer sorgvuldig oorweeg en was die meerderheidskeuse Natal "en in weinig tyd was alles aan het trekken na Natal".

Potgieter het egter volstaan by sy plan om eers die Matebele-mag te breek en die gebied noord van die Vaal bewoonbaar te maak, en hierin het Maritz en Uys aan hom steun beloof. Potgieter en Maritz, later aangevul deur Uys, het daarop na die Suikerbosrand (die huidige Heidelberg) verhuis en daar kamp opgeslaan. Vandaar sou hulle die aanval op die Matebele maak. Terwyl hulle daar gestaan het, het Andries Pretorius, die latere held van Bloedrivier, met enkele man daar opgedaag. Hy was op 'n inspeksieries met die oog daarop om hom moontlik ook self in die binneland te kom vestig.


Die stafkommando het uit 360 man bestaan en was vergesel van 'n aantal osse- en perdewaens asook deur ongeveer 50 Griekwas as hulp en veewagters, en 'n groepie Barolong as gidse. Tot groot teleurstelling van Maritz het hy kort voor die vertrek van die kommando siek geword, moontlik aan koors en moes hy bevel neem om die families en eiendom van die wat optrek, te beskerm. Andries Pretorius het saam met die kommando opgetrek maar iewers op pad was hy een van die dertig man wat agtergebly het om die walaer, waar die meeste voorrade en vee agterbly het, teen rondloperbendes te beskerm.

Met 330 man en die verewaens is die reis verder noordwes, so vinnig as moontlik afgelê in die rigting van die huidige Zeerust.

Die landstreek was woes en wild en geen lewende siel is raakgeloop nie, selfs toe hulle die Mosega-vallei binnegegaan het, was nog geen spoor van die Matebele te sien nie — die toegang tot hul woongebied was onbewaak. Eers is vasgestel of daar nie vyandelike magte aan hul flanke of agter hulle was nie en toe is gereed gemaak om die vyand te ontmoet.

Mosega is nog in puin gevind en die kommando trek verder noord.

Die aand van 3 November sien hulle die groot kop bekend as Enzelberg en aan die noordelike voet daarvan, so verneem hulle, lê die grootste Matebelekraal Mezeg, aangevul deur die vlugteline vanuit Mosega. Verder noord lê baie kraaltjies tot by Kapain,, die koningstat, 48 km verder. Die aand word krygsraad gehou terwyl 'n maanskyf, enkele lanterns en 'n paar vure die omgewing 'n effe verlig. Elke faset van die aanval word noukeurig bespreek want nie alleen die kommando se veiligheid nie,




*Roete deur Potgieter en sy mense gevolg tot voor die slag van Vegkop.*

maar ook die van hulle gesinne hang van hul sukses af. Daarna word die planne bekend gemaak, doen Sarel Celliers 'n gebed en almal, behalwe die wagte, skenk hul liggame wat reeds ver gery het, die rus wat hulle in die volgende dae so nodig sou kry.

Vroeg Saterdag 4 November, ry 300 ruiters uit om die geveg te begin terwyl 'n dertig stuks met die swart helpers by die verewaens agterbly. Met sonop word die slapende Meseg aangeval. Soos met 'n dromslag donder 300 roers en andermaal soek die Matebele verward na hul wapens en probeer 'n veglinie opstel maar verniet, die heftige en onverwagte aanval is hulle oor. Toe die eerste statte aan die brand slaan, val hulle na die volgende statjies terug. Alarm word vooruit gestuur maar alles is verniet, die een stat na die ander val voor die Boeremagte. Honderde vegters word in die agtervolging doodgeskiet en vrouens en kinders vlug die bosse in. In die donker van die nag daarna kon die ligkolle van die brandende statte nog gesien word.

Die volgende dag, Sondag, gaan die geveg voort. Dapper verdedig die Matebele hul stat Mezeg maar teen die aand was dit ook in Boerebesit. Die Maandag het die kommando verder noord getrek.


Teen die tyd het Silkaats reeds van die aanval verneem en die Boerekommando tegemoetgetrek. Toe die geveg die Dinsdag te Maaierskraal voortgesit is, het die kommando te staan gekom teen die hele sterkte van die Matebelemag onder leiding van Marap die hoofindoena en Silkaats self terwyl uit die hele Matebele-ryk nog gedurig versterkings aangekom het.

Met duisende soldate het die Matebele die beroemde Zoeloe- insluitingsbeweging probeer toepas maar telkens het die vinnig bewegende Boere die groeipunte platgeskiet terwyl die kommando gedurig vorentoe beur. In frontaanvalle is die blokformasie in stukke gebreek en elke deel apart vernietig. Hier het die Trekker bewys gelewer dat hy 'n bobaas skut is. Voor elke skoot moes die swaar gewere eers gelaai word, intussen moes die vyand ook gedurig dopgehou word, kontak met ander Trekkers gehou word, galop, gestop en gejaag word en boonop met al die beweging gekorrel en geskiet word en dit ook nog na 'n bewegende voorwerp!

Teen die middag brand die krale by Maaierskraal, ('n naam wat later gegee is omdat onder die Matebele gemaai is) die Matebele val terug en die burgers en hul perde geniet die ruspouse. Dit was net 'n kort rustyd want die geveg gaan voort en teen die aand was Maaierskraal en omgewing in Trekkerbesit en moes gereël word om te oornag.

Dit word 8 November. Nog gaan die geveg voort. Waar

die Matebele in die ruie bosse terugval, moes die Trekkers die bosplate omsingel en te voet deursoek. Deur spruite gaan die geveg, langs rietbegroeide rivierwalle. By een geleentheid spring 'n Matebele uit sy skuilplek tussen die riete, korrel en gooi sy werpasgaai na Potgieter wat hom rakelings mis. Potgieter sit blitsvinnig die vlugtende Matebele te perd agterna, gryp hom agter die nek, lig hom met sy sterk arm op en gooi hom in die grond neer dat hy bewusteloos bly lê!



*Die Negedaagse-slag. Let wel die voorstelling van die kragdaad van Potgieter.*
*(Erkenning Beheerraad, Voortrekkermonument).*

Op Donderdag, die sesde dag van die geveg, bereik die kommando Kapain (eGabeni), die stat van die koning wat die Matebele ten alle koste wou behou. Alle versterkings het reeds aangekom en meet die Boer sy kragte met seker goed 'n 12 000 gedugte en desperate Matebele. (Daar word gereken dat die Matebele ongeveer 20 000 vegters gehad het). Nogtans, tree vir tree moes die Matebele voor die doelgerigte en goedgemikte aanvalle wyk. Op een stadium het die Matebele hul vegbeeste in die stryd gewerp. Dit was osse met skerpgemaakte horings wat deur 'n ruiter beheer is en so goed afgerig was dat hul heelparty perde verwond en selfs 'n mate van verwarring veroorsaak het. Gelukkig vir die kommando het die knal van die gewere en die bloedreuk die beeste laat omruk en deur Matebele-geledere laat terugstorm na hul krale toe. Dit het die Matebele-aanval laat verflou. Honderde dooies het oral in die veld gelê en teen die aand was die Matebele op vlug na die noorde terwyl die stat van koning Silkaats in ligte laaie gestaan het.


Nog was die Matebele nie verslaan nie en hul moes ook nie die tyd gegee word om hul weer te herorganiseer nie — die stryd gaan dus die volgende dag voort. Steeds verder noord vind die gevegte plaas, meer met die agterhoedes wat die voortvlugtendes teen hul aanvallers beskerm. Die vlugteline het deur die nek oor die Dwarsberge, net wes van die ontoeganklike Eerstepoort gestroom. Voor die poort het die boere vir die nag kamp opgeslaan.

Die volgende dag was daar nog 'n heftige geveg by die nek, maar weer moes die vyand wyk en oor die nek vlug met die kommando op hulle hakke.

Tussen Eerste- en Tweedepoort was die terrein bedek deur tropiese plantegroei (die winterverblyfplek van Silkaats) en het dit die kommando die hele dag geneem om die afstand wat oor 'n ander terrein in 'n uur te perd afgelê kon word, deur te trek.

Die volgende môre was dit al die 12de November, die negende dag van die geveg en is die Matebele oor die rante by Tweedepoort gejaag. Dit was die laaste botsing. Vanaf die rant kon die kommando die disorganiseerde en verslane Matebelenasie na die noorde sien stroom — die verdelgers was verdelg.

Die Negedaagse slag was gelewer, 300 man (wat gedurende die hele veldtog hoofsaaklik van biltong gelewe het) het die duisende van die Matebele in hul eie domein wat onbekend was vir die Trekkers, in die oop veld verslaan sonder wa-laer, sonder kanon, maar deur die dapperheid en krygslis van 'n Potgieter, Uys en elke dapper Voortrekker wat die veldtog meegemaak het. Nie 'n enkele man of perd is in die veldtog verloor nie. Die Sondag is 'n dankdiens gehou, want is die mens alleen tot so 'n oorwinning in staat? Daarop het Potgieter die Matebele-gebied as Trekkereiendom verklaar "kragtens die regte van 'n oorwinnaar in 'n regverdige saak."



*Kommandant A.H. Potgieter Hoekfiguur Voortrekkermonument.*
*(Vergunning Beheerraad, Voortekkermonument).*

Na die gebied sou later weer terug getrek word nadat die Natalse geskiedenis hom afgespeel het. Potgieter het die toekoms reg voorsien!

---

**Geraadpleegde werke.**


Cambridge History of the British Empire.
Cory, G.E.: The rise of South Africa.
Die Huisgenoot. Gedenkuitgawe, Desember 1938.
Du Plessis, A.J.: Die Republiek Natalia.
Duvenhage, G.D.J.: Van die Tarka na die Transgariep.
Gordon, R.E. en Talbot C.J.: From Dias to Vorster.
Potgieter, C. en Theunissen, N.H.: Hendrik Potgieter.
Preller, G.S.: Piet Retief.
Preller, G.S.: Voortrekkermense.
Theal, G.M.: History of South Africa.
Thom, H.B.: Gerrit Maritz.
Van der Walt, A.J.H. e.a.: Geskiedenis van Suid-Afrika.
Van Oordt, F.: Paul Kruger.
Voortrekker-Argiefstukke, 1829 - 1849.
Walker, E.: The Great Trek.